DEPARTMENT OF EDUCATION

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

LEFAPHA LA THUTO

ISEBE LEZEMFUNDO

NAMAKWA DISTRIK

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

TAAK 10: VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2015

PUNTE: **70**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies	(30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg

TEKS 1: ARTIKEL

GEPLUK – NOU KAN SY EWIG BOT

1 Pieter van Zyl, wat Afrikaans se mees gelese skrywer, Ena Murray, self geken het, vertel haar lewensverhaal en hoe sy haar op die dood voorberei het.

2 In oordenkings, 'n versameling dagstukkies en die laaste boek wat Ena Murray voor haar dood geskryf het, staan aan die begin van Junie die volgende inskrywing: *Kleintyd is daar vir my gesê wanneer 'n baba sterf of 'n kindjie klein, dis omdat U 'n roosknoppie wil hê om skoon te ontluik in u hemelse tuin. Vir my kom pluktyd later, God. Laat my dan gereed wees, sonder vrees, en wanneer ek daar oorkant ewig bot, laat my tog 'n veldblom wees.*

3 Ena het dié boek geskryf terwyl sy siek was met die kanker waaraan sy eindelik in die ouderdom van 78 sou sterf. Aan mense naby aan haar het Ena vertel sy wou die diep sake van die hart in 'n boek saamvat sodat sy eendag onthou kon word vir meer as net die 131 liefdes- en avontuurverhale wat sy geskryf het.

4 Blaai 'n mens deur dié laaste boek van haar, is dit duidelik dat dit haar manier was om uit te reik na die mense naby aan haar en om haar op die dood voor te berei.

5 Ena het Afrikaanse lesers in die liefde laat glo, liefde wat oënskynlik onoorkombare struikelblokke kan oorkom.

6 Van haar omnibuses is byna 'n halfmiljoen eksemplare verkoop.

7 Die eerste boek wat ek met my eie geld gekoop het, was 'n Ena Murray. Ek was so vyftien en met vakansie op Jeffreysbaai. Ek het R5 sakgeld gekry, waarvan ek R2 betaal het vir 'n gehawende, tweedehandse *Mills & Boon*-boekie se *Plekkie in die son*, later 'n gewilde fliek.

8 Toe ek haar ontmoet, het ek haar hiervan vertel. Met die groetslag het sy skalks vir haar man, Jacques "Mossie" Mostert, gesê: "Haal daar 'n R2 uit en gee dit vir hom terug. Kan jy glo, hy het destyds sy sakgeld op my van alle mense uitgegee.

9. Ena is op 27 Desember 1936 op die Karoo-dorpie Loxton gebore. Van kleins af was daar altyd stories in Ena se kop wat sy vir haar poppe vertel het. Later, toe sy kon skryf, het sy die stories begin neerpen.

10. “Mettertyd het my kabouterverhaaltjies plek gemaak vir meer ontwikkelde stories wat nader aan die werklikheid was,” het sy in een van haar laaste onderhoude aan *Huisgenoot* vertel.

11. “Op 14 het my kliere en hormone begin werk. Ek het ’n fliek gaan kyk met ’n Arabiese prins in. Daar was ’n toneel waarin hy ’n vrou in sy arms opgeraap het en weggevoer het.”

12. By haar huis het Ena haar eie storie oor ’n Arabiese prins geskryf. Die storie is later in *Rooi Rose* as vervolgverhaal gepubliseer en was ’n onmiddellike sukses. Die boek is later met die titel *Die Glimmende Simitar* uitgegee.

13. Ná matriek het Ena twee jaar in Bloemfontein verpleeg, maar die skryfgogga het haar toe reeds gebyt.

14. “Baie van my ervarings as verpleegster het later ook in my boeke verskyn.”

15. Ena was lank ’n skryfmasjien wat tussen 13 en 15 uur per dag en dikwels tot in die vroeë oggendure haar verhale van hartstog en hartseer uitgetik het, tot arthritis haar in 1996 gedwing het om haar tikmasjien weg te pak.

16. Nes haar pennevrugte het haar lewensverhaal ook ’n stewige skeut hartseer en romanse bevat.

17. Haar eerste huwelik, met Boet Murray, van Loxton, het 20 jaar gehou, maar in die skeihof geëindig. Sy het in dié tyd ook twee miskrame gehad. In haar digbundel *Roosknop vir ’n Engel* het sy haar pyn roerend uitgeskryf in die gedig *Aan ’n Fetus in ’n Bottel*.

18. Ná die egskeiding, in haar middel 40’s, het sy haar in ’n houthuisie op Wildernis gaan vestig, waar sy effe teësinnig op ’n toe-oë-afspraak met Mossie gegaan het. Hulle was 23 jaar getroud tot hy in 2011 in die ouderdom van 75 aan Alzheimersiekte gesterf het.

19. Al het sy in haar laaste jare nie meer soveel geskryf nie, het sy steeds eerbewyse ontvang. In 2013 het die ATKV haar met ’n oorkonde vereer: die mees gelese skrywer in Afrikaans.

20. Alles van haar wat met skryf te doen het, is aan die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein nagelaat.

[Bron: aangepas uit *Huisgenoot,* 18 Junie 2015]

1.1	Skryf TWEE redes neer waarom Pieter van Zyl oor Ena Murray skryf. (paragraaf 1)	(2)	
1.2	Skryf EEN rede uit paragraaf 1 neer wat Pieter van Zyl se taak om oor Ena Murray te skryf dalk vergemaklik het.	(1)	1
1.3.1	Hoe sluit die titel van die artikel by die inhoud van paragraaf 2 aan?	(1)	
1.3.2	Hoekom dink jy is die titel effektief?	(1)	
1.4.1	Skryf TWEE woorde uit paragraaf 2 neer wat daarop dui dat die spreekster nie met die leser kommunikeer nie.	(2)	
1.4.2	Met wie is die spreekster in gesprek?	(1)	
1.4.3	Wat is die spreekster se wens wat in paragraaf 2 uitgespreek word?	(1)	
1.5	Wat impliseer die spreekster as sy sê "*Vir my kom pluktyd later*"? (paragraaf 2)	(1)	
1.6	Waarop dui "sake van die hart"? (paragraaf 3)	(1)	
1.7	Gee TWEE redes waarom Ena Murray haar laaste boek geskryf het (paragraaf 4).	(2)	
1.8	Wat bedoel die skrywer met "oënskynlik onoorkombare struikel-blokke kan oorkom" in paragraaf 5?	(1)	
1.9	Dit is ongetwyfeld 'n feit dat Ena Murray 'n suksesvolle skryfster was. Motiveer hierdie stelling met 'n aanhaling.	(1)	
1.10	Wat dink jy het die skrywer beweeg om terwyl hy met vakansie op Jeffreysbaai is 'n boek te koop?	(1)	
1.11	Watter waarborg vind die leser in paragraaf paragraaf 7 dat die boek, *Plekkie in die son*, 'n trefferboek is?	(1)	
1.12	Skryf EEN woord uit paragraaf 8 neer wat vir die leser sê dat Ena Murray nie ernstig was nie toe sy gesê het: "Haal daar 'n R2 uit en gee dit vir hom terug."	(1)	
1.13	"Ena is 'n gebore skrywer." Is die stelling 'n mening of 'n feit? Motiveer.	(1)	
1.14	Dui die ontwikkeling wat in Ena Murray se skryfwerk plaasgevind het aan.	(2)	
1.15	Verklaar waarom die sin, "Op 14 het my kliere en hormone begin werk" in paragraaf 11, 'n beter keuse is as "Op 14 het ek bewus van die teenoorgestelde geslag geword"	(1)	

1.16 Wat beteken die uitdrukking “die skryfgogga het haar toe reeds gebyt.”? (paragraaf 13) (1)

1.17 Waarop dui paragraaf 14? (1)

1.18 Watter sin vat paragraaf 17 en 18 ten opsigte van Ena Murray se lewe en skryfwerk saam? (1)

1.19 Watter eerbewys het Ena Murray in 2013 ontvang? (1)

EN

TEKS 2: RESENSIE

Plekkie in die son
Ena Murray
❤ **LIEFDESVERHALE**
Ook beskikbaar as ’n luisterboek by Audible.com.Luister na ’n uittreksel hier.

Plekkie in die son, dis al wat Karen Viljoen vra. Maar die pragtige donkerkop is melaats verklaar … Dié oordeel dryf haar uit haar huis, haar droomhuwelik met Otto, haar baba – tot in Genadendal, inrigting vir melaatses.

Kan Otto se liefde dié vuurproef deurstaan? Daar is Beatrice, en die wette van die natuur. Selfs al word Karen dalk eendag genees verklaar, sal die gemeenskap haar nie maar weer verwerp nie? Eenmaal melaats, altyd melaats.

In Genadendal, en by ’n simpatieke dr. Tertius Louw, vind Karen God se genade is tog genoeg – ook vir melaatses. Maar waar is haar eie plekkie in die son?

[Bron: Internet]

1.20 Waar bevind die karakter haar? (1)

1.21 Watter verband is daar tussen Teks 1 en Teks 2? (1)

1.22 Waarom dink jy staan die karakter in daardie posisie? (1)

1.23 Watter emosie ervaar die karakter? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

1. Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE wenke om diewe uit jou huis te hou.**
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

HOU DIEWE SO UIT JOU HUIS

Maak dit moeiliker vir diewe om by jou huis in te breek. As jy jou tuin slim uitlê, kan jy versteekte gebiede uitskakel. Ruie bosse voor jou venster sal keer dat indringers op die vensterbank klim. Struike met dorings is nog beter. Sorg net dat hulle nie hoër as die vensterbank groei nie, want dan kan inbrekers daarin skuil.

Wees versigtig vir spieëls in jou voorportaal: inbrekers kan deur die venster loer en die spieëlbeeld gebruik om ’n beter blik op die binnekant van jou huis te kry, te kyk wie tuis is en of jou alarmstelsel geaktiveer is. Indien die inbrekers oor daardie inligting beskik, is dit maklik om toe te slaan.

Vermy die voorspelbare. Mense is dikwels nalatig en los sleutels op voor die handliggende plekke. Al is dit gerieflik om jou sleutels aan hakies by die voordeur te hang of om notas wat sê waar jy is op plekke te los waar dit maklik gelees kan word, is dit netso gevaarlik.

Flous die diewe. Wek die indruk dat jy by die huis is deur musiek, ’n TV of enkele ligte aan te los. Dit is ’n goeie afskrikmiddel en kan slegs tot jou voordeel strek.

Wees wys voor jy reis. Moenie oop en bloot reistasse in jou motor laai wanneer jy met vakansie gaan nie. Dit lok onnodig die diewe se aandag en laat hulle onmiddellik planne beraam om jou te beroof.

Moenie uithang nie. Huise waar daar duidelik geld is, lok inbrekers. Wanneer jy TV-stelle of rekenaars gekoop het, is dit nie raadsaam om die leë houers vir dae langs die vuillisdromme te laat staan nie.

Beveilig jou ingange. ’n Voorstoep of ingang wat goed belig is, sal inbrekers afskrik; daarom moet jy dit dadelik aanmeld as ’n straatlig buite jou huis stukkend is.

Wees tegnoslim. Heelwat slim uitvindsels kan jou huis beveilig.

Kringtelevisie is wyd beskikbaar in Suid-Afrika en deesdae bekostigbaar. Een kamera kos vanaf R1 000, maar ’n ingewikkelde stelsel met agt kameras kan tot R6 000 kos. Kameras wat gekoppel is aan jou sekuriteitsfirma is selfs beter, omdat hulle dit geredelik kan dophou en vinnig kan reageer as diewe hulle kans waag.

[Bron: aangepas uit Huisgenoot, 16 Julie 2015]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3 ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

1. **Die gesigte verander.**
2. **Die kneusplekke nie.**

1915 **2015**

3. Die afgelope honderd jaar het die (Kind + beskerm + een) tot die redding van meer as 9 miljoen kinders gekom.
4. Dit alles (danke) aan skenkings van die publiek.
5. 'n (honderd jaar) later sou ons graag wou sê dat toestande verbeter het.
6. Dit het nie.
7. Verlede jaar het ons byna 50 000 kinders gehelp en (troos).
8. Hierdie organisasie is die enigste wat 365 dae 'n week, 24 uur (...) dag hulp en ondersteuning aan kinders in nood verskaf.
9. Dit alles kos geld; vir u bydrae die volgende honderd jaar: baie dankie.

[Bron: Internet - aangepas]

3.1 Lei die korrekte vorm van die woord tussen hakies in sin 3 af. (1)

3.2 Gee die korrekte vorm van die infinitief in sin 4. (1)

3.3 Gee een woord vir die woorde tussen hakies in sin 5. (1)

3.4 Plaas die korrekte skryfteken op die gepaste woord in sin 6 neer om te beklemtoon dat die toestande nie verander het nie. (1)

3.5 Vorm die korrekte afleiding in sin 7. (1)

3.6 Vul die ontbrekende voorsetsel in (sin 8). (1)

3.7 In sin 8 is ŉ woord verkeerdelik gebruik. Skryf die korrekte woord neer. (1)

3.8 Op watter manier betrek die advertensie die leser? (1)

3.9 Die advertensie-ontwerper maak van inversie in sin 9 gebruik. Verklaar die gebruik daarvan. (1)

3.10 Vergelyk sin 1 en 2 met die visuele teks. (1)
[10]

VRAAG 4 STROKIESPRENT

Lees die teks hieronder en beantwoord die volgende vrae.

[Bron: Internet – vrylik vertaal en aangepas]

4.1 Skryf die sin in praatborrel 1 oor sodat dit dieselfde boodskap oordra. (1)

4.2 Brei die sin in praatborrel 2 uit met ŉ gepaste onderwerp sodat dit steeds ŉ bevelsin is. (1)

4.3 Skryf die sin in praatborrel 3 in die indirekte rede.

4.4 Skryf die sin in praatborrel 4 in die ontkenning. (1)

4.5 Verklaar die idioom in praatborrel 5. (1)

4.6 Vervang die woorde tussen hakies in praatborrel 6 met ’n bysin. Skryf die sin voluit. (1)

4.7 Sê watter soort bysin die onderste gedeelte van die sin in praatborrel 7 is. (1)

4.8 Skryf die sin in die lydende vorm.

Haar pa sal haar slaan. (1)

4.9 Waarom dink jy is Ma en Pa se oë groot toe hulle sien dat die hulle dogter haar selfoon wil gebruik? (1)
[10]

VRAAG 5 ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die volgende vrae.

1. ’n Brood val uit ’n (beweeg) broodwa en rol ’n entjie verder. ’n Stukkie breek af en bly in die straat lê.
2. Drie mossies (pyl/peil) af op die stukkie wat afgebreek het. ’n Hewige bakleiery breek los. Een kry die oorhand en begin die krummels gretig oppik, terwyl die ander twee ... luide protes in ’n boom gaan sit.
3. Nie een van hulle sien die groot brood ’n entjie verder raak nie. Hulle was besig om oor die krummels te baklei!
4. Ons maak rusie oor klein dingetjies en ignoreer dit wat eintlik <u>belangrik</u> is. Oor die nietighede word ons vir mekaar so kwaad dat kosbare verhoudinge (breek) word. Voordat ons oor die krummels twis kom ons kyk eers rond en sien die brood raak!
5. Die (krummels) is nie die gevolge van die twis werd nie!

5.1 Gee die korrekte vorm van die woord in sin 1, paragraaf 1. (1)

5.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies (sin 1, paragraaf 2). (1)

5.3 Waarom dink jy is die woord “hewige” ’n beter woordkeuse as “groot” in sin 2, paragraaf 2. (1)

5.4 Vul die ontbrekende voorsetsel in sin 3, paragaaf 2 in. (1)

5.5 Skryf sin 1, paragraaf 3 in die verlede tyd. (1)

5.6 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in paragraaf 4. (1)

5.7 Gee die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies in sin 2, paragraaf 4. (1)

5.8 Skryf sin 3, paragraaf 4 oor en voorsien dit van die ontbrekende leesteken. (1)

5.9 Skryf die belangrikste sin van hierdie artikel neer. (1)

5.10 Gee die verkleiningsvorm van die woord tussen hakies in paragraaf 5. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70